# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
(20-24 Julie 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Vertel vir mekaar van iets goed wat met jou gebeur het vandat julle groep die laaste keer bymekaar was.

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Matteus 5:13-16
**Tema:** Ons bring God-geure en God-kleure vir die wêreld.
Lees ook Eugene Peterson se "The Message" vertaling:
"Let me tell you why you are here. You're here to be salt-seasoning that brings out the God-flavors of this earth. If you lose your saltiness, how will people taste godliness? You've lost your usefulness and will end up in the garbage.
"Here's another way to put it: You're here to be light, bringing out the God-colors in the world. God is not a secret to be kept. We're going public with this, as public as a city on a hill.
If I make you light-bearers, you don't think I'm going to hide you under a bucket, do you? I'm putting you on a light stand.
Now that I've put you there on a hilltop, on a light stand - shine! Keep open house; be generous with your lives. By opening up to others, you'll prompt people to open up with God, this generous Father in heaven."

# Gespreksvrae:

1. Jesus sê nie: "Word sout en lig" nie, maar: "Julle **is** sout en lig." Wat beteken dit vir jou?

2. Dink aan iemand wat onlangs vir jou "sout" was. Wat het daardie persoon gedoen?

3. Watter dinge laat jou die maklikste wêreld-gelykvormig eerder as Christus-gelykvormig leef? Hoe kan ons mekaar help om "geurig en kleurvol" te bly?

4. Waar ervaar jy dat iets tussen jou en die Here inskuif en sy lig in jou lewe verdof? Wat help jou om weer nader aan Hom te leef sodat Hy sy lig in jou aan aansteek?

5. Charles Spurgeon het treffend opgemerk dat Christus in die woonvertrek moet skyn, eerder as die gastekamer. Daarmee bedoel hy dat Christus elke dag gelewe moet word en nie slegs by spesiale geleenthede om ons beter te laat vertoon nie. Gesels hieroor.

6. As iemand jou hierdie week by die huis, skool of werk dophou, watter eienskappe van Jesus sal hulle in jou lewe kan ruik of raaksien?

7. Ons is wegwysers na Christus. Hoe kan ons goed doen sonder om erkenning te soek? Wat is die verskil tussen om mense te beïndruk en om mense na Jesus toe te wys?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS

As jy net een persoon hierdie week doelbewus met die "geur" of "kleur" van Christus kan aanraak, wie is dit, en wat gaan jy prakties doen?